# TIENDES EN DANKOFFERS

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**Maleági 3:8 Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe**

- **Wat is die Tiende en wat is die Dankoffer**.
  - Hoekom verwag God dit van ons.
  - Is dit 'n straf en 'n seën?

Om dit te beantwoord, blaai ons na Génesis 1-3.

God skep die hemel en die aarde, Hy skep die Paradys, Hy skep die man, uit die stof van die aarde, en sit hom in die Paradys. Maar dan sê Hy dit is nie goed vir die man om alleen te wees nie, *"Ek vir hom 'n hulp skape*". Hy plaas die man in 'n diep slaap, Hy neem 'n rib uit die man en vorm die vrou. God stel hulle aan om te heers en dan seën God alles wat die huwelik doen, wat die eenheid doen.

## 1. <u>Die Aarde word vervloek</u>

God seën alles wat in hulle hande geplaas is. Maar dan waarsku Hy die mens. Hy verwag gehoorsaamheid en onderdanigheid aan Hom. Hy belet hulle om te eet van die boom in die middel van die Tuin. Want "*as jy van daardie boom eet, gaan jy:*

i) Uit My wil beweeg,
ii) Uit God se seëninge,
iii) Voorsiening en
iv) Beskerming.
v) Dan gaan jy uit My plan beweeg,
vi) Alles wat Ek jou gegee het, verloor.
vii) En jy gaan kies om onder die koninkryk van die vlees te staan en
viii) Self alles moet doen, wat jy verlang om te bereik en te hê".

Satan gaan in die slang in, praat met Eva en verlei haar. Die man en die vrou, die eenheid word uit die Tuin van Eden verjaag, met ander woorde onder God se seën uit gejaag. Toe vervloek God hulle. Daar is 5 vloeke wat uitgespreek word:

1. Die vloek oor die man
2. Die vloek oor die vrou
3. Die vloek oor die slang
4. Die vloek oor satan
5. Die vloek oor die aarde.

Hierdie 5 vloeke staan vandag nog vas.
- Die vloek op die aarde, alles wat die aarde sal oplewer, is dorings en distels – dit is goed wat jou kan benadeel.
- En God maak vyandskap tussen mens en dier, die leeu en die jakkals, die ongediertes, wat altyd saam gras geëet het, maak God nou vyandskap as deel van die vloek op die aarde.

Mens het <u>besluit</u> om onder die seën uit te beweeg en in hierdie situasie te beland. ***Dit was die mens se keuse, nooit God s'n nie.***

Nou bevind die mens homself in hierdie posisie, maar God kan hom nie terug bring in die Paradys Tuin nie.
- Tog maak God wel weer 'n plan. Onthou Hy is 'n Skepper; Hy het altyd nuwe planne.
- Omdat Hy die einde vanaf die begin geken het, weet Hy presies wat in elkeen van my en jou lewe tot die voleinding van die wêreld sal gebeur en hoe satan se planne werk.
- Daarom kon die boek van Openbaring alreeds geskryf word.

-o0o-

- Daarom sal Hy ons leer en onderrig en ons wys, as ons Hom vertrou en Sy stem volg.
- Dit is riglyne en waarskuwings wat God ons gee.

Omdat Hy satan se planne in ons lewe ken, dat ons mens is, en sal fouteer, is daar tye dat ons, ons geestelike boers en susters om ons nodig het om ons te help om vir ons die pad te wys. Ons moet egter nie toelaat dat teregwysinge en raad ooit negatief tussen ons kom nie, maar dat dit slegs tot opbouing van die liggaam van Jesus Christus sal wees.

Onthou net, God het 'n plan en satan ook - albei het planne vir jou lewe. God se plan is om jou te seën, satan s'n is om jou te verwoes en te vernietig. Dit is egter elke persoon op aarde se vrye keuse om te kies wie hy vertrou met sy lewe. Alles is nog steeds in ons hande geplaas maar met beperkinge, nie meer tot vryheid toe nie. Die Here gee vir elkeen sy deeltjie om God se wil te doen.

***Hebreërs 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,***
***Hebreërs 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid!***

Die mens het nie meer die vryheid in God om alles te bestuur soos wat hy veronderstel is om te bestuur nie. Die Here sê jy sal nou net gedeeltelik hê, nie meer alles nie. **Satan se plan is egter om dit wat die mens het, te steel, sodat die mens nie God se wil daarmee kan uitvoer nie**.

Die mens word uit die Tuin van Eden, uit God se Heerlikheid, uit God se voorsiening gejaag, en omdat God vir die mens gewerk het en die werke van Sy hande geseën het, en die mens gekies het om ongehoorsaam te wees, is die mens na die bose gestuur, sodat hy maar op sy eie moet klaarkom, en self moet werk. *Génesis 3:19 "In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien. En satan sal altyd daar wees om jou lewe te probeer vernietig op hierdie aarde. Hy sal die leeu en die jakkals en al hierdie goed gebruik, hy sal ongeluk op jou pad bring, hy sal die demoniese magte, wat jy in die put moes hou, opdrag gee om jou te verwoes".* Die duiwels in die bodemlose put het nou die reg gekry, omdat die mens die keuse gemaak het, dit was nooit God se plan nie. Jy sal nie meer die vrug van die land verniet kry nie, jy sal die brood verdien, jy sal net brood hê, met ander woorde jy sal net besit wat nodig is om van te lewe. Jy sal nooit weer in oorvloed lewe nie. Eendag sal ons weer oorvloed hê, maar in hierdie tyd sal ons in die lewe kry om Sy wil te doen.

Ek dink Adam het homself moeg gewerk met min sukses. God sien dit raak en Hy kry hulle jammer. Nou kan God nie teruggaan op Sy Woord en hierdie vloeke kanselleer nie. Wat moet Hy nou doen? Die Almagtige alleen kan 'n ander plan maak. Dit Woord staan vas. Die Woord is gespreek, die waarskuwing is gegee maar die mens het gekies. En as gevolg van die mens se besluit kom hierdie dinge oor hulle. Nou vervloek die Here die werk van die mens se hande en die opbrengs van sy land. Want alles wat vervloek is, wat vrug bring, dra vervloekte saad. Daarom sal ons nooit sien 'n doringboom dra eetbare vrugte nie. Daarom kan ons nie jakkalse eet nie, jy kan die ongediertes eet nie, dit is onrein diere, dit is vervloek. En 'n vloek is daar om jou te vernietig, nie om te dit te seën nie.

**(i) Offer**

Die Here sien hul harde werk en Hy kry hulle jammer. Hy sê die enigste manier hoe die mense die vloek kan breek en loskoop is as hy 'n offer bring. Die mens het gekies om die vloek te aanvaar of kan kies om onder die vloek uit te beweeg en dit te breek. Dit is die mens se eie keuse – niks is onder dwang nie.

Maar nou kry God hulle jammer en Hy sê: *"As jy jou hart vir My skeur, as jy net berou het en jy erken My en jy glo My, bewys nou aan My dat jy glo, bewys eers aan My met jou geskeurde hart, nie met jou mond nie, dat jy kies om My te glo"*.

- Dit is hoekom jy die offers moet verstaan.
- **'n Offer is nie 'n geskenk nie**. Jy koop vir jou vriend 'n geskenk vir 'n geleentheid.
- 'n Offer is alleenlik 'n offer as daar bloed betrokke is.
- 'n Offer is iets wat jy gee, wat jy nie kan bekostig nie. En dit skeur jou hart, dit breek jou hart in stukke terwille van gehoorsaamheid aan die Here.
- Die bloed waarmee jy dit gee, die hart waarmee jy dit gee, maak dit 'n offer.

-o0o-

Vir jare het God vir Abraham 'n belofte gegee. Hy kry 'n seun. En die Here sê: "*gaan offer jou seun vir My".* Hy het nie vir Ismael gevat nie, want hy het geweet dit is Isak, die seun van die belofte. Alle beloftes was in Isak verborge, nie in Ismael nie. Alles wat Abraham voor gelewe het, het tot vervulling gekom in Isak.

Die Here het op 'n stadium in my lewe, ook van my verwag om my Isak te offer op die Berg Sion, in Jerusalem. Dit was 'n baie groot offer, seker die grootste wat ek ooit moes offer. Dit my hart verskeur, my hart in stukke geruk.

- As jou hart nie betrokke is nie, is dit nie 'n offer nie!
- As jy met 'n opregte hart gee wat jy reeds nie kan bekostig om te kan gee nie, is dit 'n offer.
- Dit is juis daardie iets wat God van jou vra om jou hart te toets.

Omdat ons met ons hart agter die vyand aan geloop het, moet ons met ons hart terug kom na Hom. Dit is egter nie so 'n maklike pad nie, want die pad word al hoe moeiliker. En daarom sal God van jou 'n offer vra, juis omdat jy dit nie kan bekostig nie. Hy sal in die grootste krisis van jou lewe van jou 'n offer vra. Dit is nie so 'n maklike ding nie. Ek moes persoonlik self hierdie dinge leer deur ondervinding. Ek kan nie iets gee as ek dit nie self deurgemaak het nie. Ek het nêrens hierdie goed geleer nie, ek moes self die dinge deurgaan, my eie manna optel in die woestyn.

- **'n Offer is iets wat jou hart laat bloei**.

  God het nog nooit 'n welbehae gehad aan 'n gebreklike offer nie.
  As Hy van jou 'n offer vra, dan verwag Hy die beste.

Die Bybel stel dit duidelik wat sou gebeur as iemand 'n gebreklike offer bring. Jy bring 'n oordeel oor jouself. Die Here sou jou gestraf het, want jy het God geminag. Jesus vertel die gelykenis van die regter wat kom (Lukas 18). Sou jy nie die beste geskenk voor Hom neersit nie? Ons maak so maklik 'n groot ophef van iemand en eer hul meer as wat hul God eer. Mense gaan uit hul pad om geskenke en eer bewyse aan 'n persoon te gee, maar hoe word God geëer? God het sekere standaarde en beginsels rondom die offers gestel en Hy verwag dat dit gerespekteer en nagekom moet word.

God het alles in ons hande geplaas om Sy wil te doen, alles was geseënd. Ons het egter gekies om uit te beweeg, sodoende het Satan die reg gekry om ons en ons besittings te vernietig en te verwoes. Satan kan nou alle sataniese magte en demoniese magte bevel gee om te verwoes.

Asaf kla by die Here in Psalm 73: Hoe is dit dan moontlik dat dit met hierdie mense so goed gaan? Hulle oë puil uit van vettigheid*, "maar hulle vloek U en hulle laster teen U*". Hy kom na die Here en hy wonder oor hierdie goddelose mense, hulle doen alles wat sleg is, maar hulle is so geseënd. Kyk hoe goed gaan dit met hulle. Maar Here, **ek wat U naam eer en wat U wil doen moet altyd sukkel, en ek het hierdie stryd en opdraandes in my lewe**. Dan besef Asaf "*amper het ek gestruikel, amper het ek God verkwalik omdat ek gedink het God is onregverdig*." Asaf kom tot die slotsom God is nie 'n onregverdige God nie, toe hy hulle einde sien. Weereens besef Asaf "*dit was vir my goed om by die Here te bly*".

- Daar is geen mens op aarde wat ooit kan omdraai en vir God kan blameer dat Hy hom nie genoeg gegee nie.
- Baie het min, sommige het 'n bietjie, vele mense het niks, en daar is diegene wat baie het, want die Here het die talente uitgedeel volgens elkeen se bekwaamheid.

Die Here gaan by jou eis wat in jou vermoë is. Daarom kan ek nie saamgaan met lande se politieke siening rondom die verryking van armes nie, hulle stel mense in posisies waar God hulle nie geplaas het nie. Daardie mense bring oordeel oor hulself. Los die mense eerder soos hy is, verkondig eerder aan hom die evangelie, sodat hy kan leer hoe om in God se wil te lewe, dan sal God hom oplig. Hoe meer hy gehoorsaam is, hoe meer sal hy kry. As 'n mens nie weet hoe om iets te hanteer nie, sal daardie ding sy lewe verwoes. Daardie persoon is miskien nou by die Here, maar môre het hy so baie geld dan word hy dalk 'n alkoholis, gaan verlore en sterf. Verarming beteken om vir hom <u>nie die regte evangelie</u> te gee nie, sodat hy kan reg leer om in God se wil te kan beweeg. Moenie hom nie in 'n posisie plaas waar God hom nie geplaas het nie, of aan hom voorsien wat hy nie kan hanteer nie.

Maar nou sien ons dit is net 'n offer wat 'n vloek kan loskoop. God stel sekere standaarde wat ons moet nakom. <u>Die offer voorwaardes is egter dat die offer rein, skoon en heilig moet wees</u>. Dit mag nie gebreklik wees nie.

-o0o-

Omdat alles wat die aarde voortbring deur God vervloek is, het Satan die reg om ons inkomste, ons hande werk te benadeel. God het twee offers ingestel wat ons moet bring, om weer die opbrengs van die aarde te seën en Hy sal dit beskerm, naamlik (i) die Tiende en (ii) die Dank Offer.

# TIENDE

**Maleági 3:8 Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.**
**Maleági 3:9 Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!**
**Maleági 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.**

God stel Homself bekend in *Psalm 50. want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende.* Dan gaan Hy aan en sê "al die silwer en die goud behoort aan My ". Alles behoort in elk geval aan die Here, niks is joune nie. Alles is van die Here uit genade aan jou gegee om dit slegs te bestuur. Maar daar is egter die Verwoester by wie jy moet verbygaan. Die Here kyk af na die aarde en Hy sê daar is 'n vloek, die man swoeg en sweet. God kry hom jammer en Hy sê: *Ek sal hom tot hulp kom, maar die mens sal aan My moet bewys dat hy My vertrou*. *Want dit is juis sy wantroue wat hom laat beland het waar hy nou is. As hy die vloek wil loskoop, dan moet dit deur 'n offer losgekoop word.* Dit is waarom Christus Jesus vir ons die vloek moes word sodat ons kinders kan word, geseëndes en nie meer slawe wat vervloek is nie.

- Jesus Christus het die vloek kom word, Hy, die perfekte Lam en rein Offer, is die eersteling offer wat God gegee het om die vloek van die Wet te breek.
- God die Vader het vir ons 'n voorbeeld gestel en gesê *"Ek gaan vir julle 'n voorbeeld stel en My seun offer, Ek gaan die Eersteling offer gee, sodat alles wat volg geseënd kan wees*".
- Die eersteling offer verbreek die vloek. Daarom moet dit 'n rein, skoon en heilige offer wees voor die Here. Anders het God die Vader vir ons gesê om aan te hou om beeste en bokke te offer.
- Dit is juis die rede, omdat die beeste nie vervulling kon bring nie, dat die Lam van God die volmaakte offer moes wees. Die profete het oor Hom geprofeteer volgens die standaarde wat God opgestel het, naamlik:
  - Hy gaan in Bethlehem gebore word,
  - Hy gaan soewerein wees en
  - Hy gaan Goddelik wees.

Al die Skrifte moes voldoen aan hoe hierdie Offer sou lyk. Op 'n dag het Hy na vore gekom, hierdie Lam wat die volmaakte offer moes wees wat die moederskoot open sodat ons kinders van God kon word.

*Johannes 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word.*

Ons was vreemdelinge en nou is ons kinders. Die Vader het vir ons duidelik die vereistes gestel. Maar Christus het net die vloek van die Wet kom breek, want Hy is die vervulling van die Wet. Al die 5 vloeke wat God in Génesis uitgespreek het, bestaan vandag nog. So ons moet hierdie goed verstaan. Die vrou menstrueer dan vandag nog. Die man moet vandag nog werk, ensovoorts.

### (i) Eersteling Offer

Die volk Israel word die land Kanaän belowe, 'n land wat oorloop van melk en heuning, maar wat besmet is met afgodery, vol vloeke. 'n Eersteling offer moet gebring word, om die vloeke te breek en sodat God die res van die land kan seën. Daarom moes Jerigo die Eersteling offer wees. Josua 7 verduidelik dat Agan deel van die offer steel en kyk wat gebeur met die volk. Satan het die reg om 36 manskappe dood te maak tydens die inval van die stad Ai en die volk moes betaal vir Agan se sonde en gierigheid. Agan, sy huis en alles wat hy besit, het toe die offer geword wat die vloek moes breek, sodat die res van die land geseënd kon wees.

*In Maleági 3 word ons beskuldig dat ons God beroof. Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.*
*Mal 3:9 Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!*

-o0o-

*Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie*.

Vraag: *Hoe beroof ons God*
Antwoord*: deur tiendes en dankoffers.*
Vloek*: Met die vloek is julle belaai, maar tog beroof julle My. Julle die hele nasie*"
Oplossing: "*bring die HELE tiende na My skathuis sodat daar kan spys in My huis kan wees*."
Resultaat: En dan sê die Here ons kan Hom beproef. Nêrens anders nooi die Here ons dat ons Hom kan beproef nie. "*en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. (Mal. 3:10)*

Maar nou sien ons, as ons nie God vertrou met ons hele tiende nie dan word ons met die vloek belaai. Met ander woorde, dan het satan die reg om alles wat ons voor werk en wat ons hande inbring, te verwoes. Hy kan ons nie vernietig nie, maar hy kan ons besittings en opbrengs van ons handewerk, gebruik om ons te vernietig. Laat ek mooi verduidelik.

In Psalm 50 sê die Here: "Al hierdie goed is Myne; die silwer en die goud is Myne."

Dan vra Hy: *"Het Ek dan iets nodig om van jou te vra? Het Ek 'n karretjie hier in die hemel wat jou petrolgeld nodig het? Moet Ek gaan brood koop, moet Ek melk en suiker gaan koop. Moet Ek hierdie goed gaan koop? Is Ek lus vir n stukkie vleis, is Ek lus vir dit*?"

Hy gaan voort: "*as Ek enigiets nodig het sal ek jou nie vra nie*."

Dan dink ek aan ***Romeine 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?***

God het ons nie nodig nie, ons moet dit mooi verstaan. Die Almagtige het my en jou nie nodig in Sy volmaakte Raadsplan nie. Hy het egter so 'n Goddelike, onvoorwaardelike **liefde** vir jou en vir my dat Hy Sy ganse plan, Sy hele skepping met my en jou wil deel. Die mens het gefouteer en God moes ander planne maak om hom in die plek te bring om geseënd te wees. Ons moet hierdie dinge baie mooi verstaan. **Hy sê in Mal 3:10 *Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar altyd spys in die huis van die Here kan wees***." Die tiende wat ons gee, is nie omdat ons iets wil hê nie, maar omdat ons reeds ontvang het. Al hierdie offers wat ons gee, is omdat ons iets ontvang het. Ons het iets wat satan wil hê. Die enigste manier om dit te beskerm is om te doen wat God sê.

So ons het weer twee keuses, (i) of ons kan toelaat dat satan voortgaan met sy verwoesting proses, of (ii) ons kan terug beweeg onder die seën en beskerming van die Allerhoogste, want Hy belowe **oorvloedige seën,** nie net beperkte seën nie. Maar as ons nie die Almagtige vertrou met ons hele hart nie, sal Hy vir ons nooit die oorvloedige seën gee nie. Jy sien waar die hart betrokke is, moet dit 'n hart saak wees, nie omstandighede saak wees nie. Moenie besin en kyk of jy kan gee en hoeveel nie, dit moet juis gegee word wanneer jy dit nie kan bekostig nie.

## Persoonlike ervaring

Die Here het reeds in 1997 vir ons hierdie beginsels van Sy Woord geleer. Die Here het al my inkomste gestop, hy het my besigheid in 2 dae gestop. Ek was vir 7 maande sonder inkomste. Die Here het my tot op die vloer gevat. Die Here moes my knieë breek. Dit is waar alles begin het.

- Ten einde te probeer oorleef moes ek toffie appels en fudge verkoop, koekies gebak en dit alles verkoop op straat.
- Ek en my vrou het begin om straat kroeë se toilette uit te skrop en verf. As jy nog nooit in so plek was nie, stap gerus in so plek dan sal jy sien wat dit is.

Dit is waar die Here my begin leer het met hierdie beginsels in my lewe. Toe ek nie wil hoor nie, het die Here vir my geleer. Ek moes alles self leer, wat ek eendag in die bediening moes gee tot opbouing van die liggaam van Christus Jesus. Dit is hoekom ek daardie wonde moes gekry het.

- Mense asseblief en as jy wonde opdoen, verheerlik God daarin want onthou jy is nie deel van die liggaam as jy nie wonde dra nie. Die liggaam van Christus Jesus dra die getuienis van die wonde wat ons opgedoen het langs die pad.

-o0o-

Maar die punt is egter dat ons nie gee uit die behoefte uit nie, maar wel uit gehoorsaamheid, aangesien dit al is wat die vloek breek. Ons moet vir God bewys ons kyk nie na omstandighede nie, maar wel tot opbouing van die liggaam van Christus Jesus.

Ek deel hierdie Woord, omdat ek wil hê dat julle geseënd moet wees, want ek kan vir julle niks anders gee behalwe die Woord nie. Dikwels beland ons in ‘n situasie omdat ons te ver weg gedwaal het van die Waarheid. Dit gaan nie oor my omstandighede nie. Dit moet ons baie mooi onthou. In die tyd toe ons hierdie beginsels moes leer, het ons nooit ‘n dagvaarding gekry vir skuld nie, ons het nooit honger of dors gely nie  Ons huis was geseënd. want ek het ‘n keuse gemaak sodat omstandighede ons nie oorheers nie. En glo my, ons het elke sent nodig gehad. Ek het na al my skuldeisers gegaan, die mense by wie ek rekeninge gehad het in daardie tyd. Ek het met hulle ‘n ooreenkoms aangegaan en belowe dat ek weer sal opstaan *“gee my net kans, vries my goed, moet my nie dagvaar nie*”. Ek het aan hulle ruiterlik verduidelik dat ek nou in ‘n krisis tyd is met my wandel in die Here, want ek moet goed uit sorteer. Sodra dit afgehandel is, betaal ek hulle almal. Daar was net een persoon wat gesê het dat hy nie bereid was om my te help nie. Jammerlik was hy ‘n jaar later bankrot en tot vandag kon hy nog nie opstaan nie. Hy kon dit nooit aanvaar nie, en die oordele het op hom gekom, nie op my nie.

**(ii) Eersteling Offer Voorwaardes**

Die voorwaardes van die offers is voorgeskryf en ons moet daardie offer tot vervulling bring. **Die vloek kan alleenlik gebreek word deur die eersteling offer, die tiende**. Dit is ‘n eersteling offer wat die moederskoot open;  dit moet die kanaal van seëninge skep oor jou goed.  Die eersteling offer in die maand, is die opbrengs van jou land. Dit is jou inkomste en dit moet EERSTE gegee word. EERSTELING OFFER. Daarna sal alles wat volg beskerm wees.

## Verskillende Voorbeelde oor hoe om Tiende te bereken

**Tiende Voorbeeld 1: Boerdery**

Hoeveel is die tiende wat ‘n mens moet gee? As jy ‘n salaris kry dan is dit baie maklik. Dit is een tiende van jou salaris, maar kom ons bespreek ‘n boer met stoet beeste, byvoorbeeld bulle. Die bulletjie is gebore, die bulletjie word groot op die velde en dit beloop ‘n sekere bedrag uitgawes om die bul tot verkoop te bring. Gestel die boer haal R50 000.00 op ‘n veiling vir die bul.

Dit is onregverdig om R5 000.00 uit die geld betaal want dit is nie regtig die opbrings van sy land nie, want hy het baie meer ingesit in hierdie bul. Die boer moet nou sy netto inkomste bereken en bepaal wat sy opbrings is uit hierdie bul. Hoor mooi, dit nie die inset van die land nie, dit is die opbrings van die land. Indien hy op die volle R50 000,00 tiende betaal, sou dit R5 000,00 wees dan beskik die boer nie oor saad om weer oeste in die grond te sit nie.

- As voorbeeld, die boer spandeer R30 000.00 in die bul se versorging en hy het R50 000.00 geoes. Na die aftrekkings van die saad uitgawes, is die boer se opbrengs R20 000 wins, waarop hy die tiende bereken wat dan R2000 sal beloop. Dit gebeur die oomblik as die transaksie plaas gevind het, moet die boer eers aan God die eer gee voordat hy enigiets anders doen met die res. Hy eer en dank God met R2 000.00 wat hy reeds ontvang het. Dit beteken **God beskerm** die ander R18 000.00 wins inkomste.  Nou moet die bose sy kloue van die res afhou, want die vloek is gebreek deur die eersteling offer. Die boer het God vertrou, hy het gekies om onder God se beginsels in te beweeg om die vloek te breek en geseënd te wees.

Die vloek word gebreek deur die eersteling offer. Die eersteling offer is net daar vir beskerming om die Verwoester uit te hou. Want as ons gaan kyk na Exodus 12 gee die Here opdrag “smeer die bloed aan die deur poste sodat die Verwoester kan verby gaan”.

*Exodus 12:7  En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet*
*Exodus 12:13  Maar die bloed sal vir julle ‘n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.*

-o0o-

Kan jy nou sien hoekom moet daar bloed betrokke wees in 'n offer? **As die bloed nie betrokke is nie, is die hart ook nie betrokke nie**. As daar nie bloed betrokke is nie, is daar nie bloed om te getuig dat dit 'n offer is nie. En as bloed nie betrokke is nie sal die Verwoester nie verby gaan nie.

- **TIENDE IS 'N DANKOFFER**

**Psalm 50:13 Sou Ek vleis van stiere eet of bloed van bokke drink?**
**Psalm 50:14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;**

Benodig God iets wat jy het? Dit wat jy het, kom reeds van Hom af en Hy het jou maar 'n druppeltjie gegee van wat in Sy skatkamers is. Dit is amper soos iemand wat die see besit en dan gee hy vir jou een druppeltjie sout water, dan dink die mense God is agter hom aan vir 'n bietjie sout water wat hy besit. God is God en die eienaar van onbeperkte skatte. Hy is die God van volmaaktheid, in Sy skat kamers kan daar geen leemte wees nie. Die oomblik as Hy ietsie vir iemand gee, vul Hy dadelik weer die plek, want Hy bly 'n skepper. Daar kan geen leemte wees in God nie, anders is Hy nie volmaak nie. Sy skat kamers bly altyd tot oorlopens toe vol. In vers 14, gee Hy gee vir ons 'n opdrag, "*offer dank aan God*". Die beteken hierdie is 'n dankoffer omdat ek reeds 'n seën ontvang het.

**(1) Dankoffer**

Kom ons gebruik maar weer die bul as 'n voorbeeld

*"Dankie Here ek het 'n bul gekry. My koei was bevrug deur 'n goeie bul; daar was vrugbaarheid in sy saad. My koei was ontvanklik, deur die tyd het sy goed gedra, sy was gesond daar was nie probleme nie, en die kalf is volmaak gebore, alles is pragtig. Die kalf het groot geword langs sy ma, sy ma het genoeg melk gehad. En jy kon die kalf op n goeie ouderdom speen".*

*"Ek kan die hand van die Here sien oor alles en deur die hele proses wat hierdie kalf geloop het. En ek kon hom in 'n voerkraal sit. U het aan my alles voorsien sodat ek hierdie kalf kon groot maak om hierdie bul te bring totdat hy nou reg was om verkoop te word. Nou het ek hom verkoop vir R50 000.00 minus R30 000.00 se uitgawes lewer vir my R20 000.00 se inkomste. Nou kom ek na U toe en ek offer dank aan U, ek sê vir U dankie dat U hierdie bul tot so ver gebring het. Hier is U tiende*",

Dit is waar vers 14 inkom. **Offer**!
Dit is nie gee nie. Offer!
**Dit is 'n dankoffer aan God**. En Hy sê ook "*betaal jou geloftes aan die Allerhoogste" (Ps 50:14).* Gee die tiende sodat die res geseënd kan wees, waarby God Sy **beloftes** voeg.

Daar is baie mense wat hierdie Skrif aanhaal, maar hierdie Skrif gaan jou niks baat indien jy nie sy voorwaardes na kom nie. *Solank as wat jy nie God vertrou met Sy tiendes se offergawes nie, sal hierdie Skrif nie tot 'n realiteit kom nie.* Sodra jy die voorgeskrewe offer voorwaardes nagekom het, mag jy Hom in jou benoudheid aanroep.

**(2) Offers word beproef**

*Ps 50:15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer***.** Verseker sal daar tye van benoudheid kom. Satan is daarop uit om om jou ongelowig te maak. Hy gaan nog steeds probeer om sy hand in te slaan, roof diewe te stuur om by jou motor in te breek, of jou gras snyer. Hy gaan nog steeds jou kinders probeer leed aandoen; jou probeer moedeloos maak sodat jy in benoudheid beland.

God laat satan soms toe om dinge te doen om ons sodoende nader aan die Here te trek, sodat ons beproef en getoets kan word. Maar sê die Here "*as jy gedoen het wat Ek gesê het tot hier toe, dan kan jy My aanroep om hulp*". Hy gee die belofte, "*Ek sal jou uithelp*". Die Here se verwagtinge van jou kant is: *"maar jy moet My eer".*

**Tiende Voorbeeld 2: Herstelkoste**

Kom ons sê nou byvoorbeeld jou motor breek. Jy het alle voorwaardes nagekom, en nou breek jou kar. Jy roep "Here, asseblief help my". Die herstelkoste beloop R10 000, maar jy het nie die geld om jou motor te herstel nie. Jy sit in 'n probleem situasie. Onverwags ontvang jy 'n telefoon oproep en iemand sê die Here het op sy hart gelê om vir jou hierdie bedrag geld te gee. En wat kry jy? Presies die bedrag geld wat jy nodig het

-o0o-

om jou motor te herstel. Die Here beantwoord jou gebede, en jy besef dat die hulp kon net van die Here af wees. Maar nou sê God jy moet Hom eer. Wat moet jy nou doen? Jy moet Hom eer deur dankie te sê vir hierdie uitkoms. En jy sê *"Here, ek weet ek benodig R10 000.00 om die kar reg te maak, dankie vir dit, hier is my R1 000.00 vir U as dankoffer*". God bring jou in 'n situasie, sodat Hy die mense kan seën wat jou, as Sy kind help. Daarom moet ons op Hom vertrou. "Alles gebeur met die kind van God ten goede".

*Rom 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.*

En dis hoe dit werk - **God gaan bly seën, maar Hy gaan ook bly toets**. Soos voorheen gemeld, 'n baie duidelike voorbeeld van die eerstelingoffer, die tiende, wat die vloek loskoop, was toe die volk van Israel die land Kanaän ingetrek het saam met Joshua. God sê vir hulle "*Jerigo is Myne, tref Jerigo met die banvloek, maak alles dood, offer alles vir My want alles behoort aan My. Offer die eerste stad in hierdie land aan My, en Ek sal die res van die land seën as Ek die land oorgee aan julle*". Ons moet onthou dat Jerigo 'n vervloekte land was, as gevolg van al die afgodery. Die res is geskiedenis. Agan steel God se goed juis toe hulle Jerigo inneem en die hele volk kom onder 'n vloek. **Dit wys ons eintlik, dat een persoon 'n bediening baie skade kan berokken**. En wat gebeur by Ai? Ai was die volgende stad wat hulle moes inneem, maar die krygers moes vir hul lewens vlug, die volk moes boet vir Agan se sonde. (Josua 6-8)

**Dit gaan nie oor geld nie, dit gaan oor gehoorsaamheid.** Maar ek moet hierdie ding besef, dat sodra ek nie my deel doen nie, kan die hele bediening onder 'n vloek kom. En as ons Sy liggaam skend, sal Hy ons skend.

Daar is egter voorwaardes en voorskrifte waaraan ons moet voldoen.

Ons het gesien hoe die volk Israel die hele Jerigo vernietig het. Agan het van God se goed gesteel en hy het 'n vloek oor die hele volk gebring. So ek dink volgende keer sal jy twee keer dink om God se tiendes te steel, want jy beroof Hom daarvan. Sodoende bring jy 'n vloek oor die hele bediening waar jy betrokke is, die bediening se finansies kan daaronder lei en iemand anders se huisgesin word daardeur geaffekteer. Dit is hoe diep hierdie goed is mense, daarom moet ons die beginsel van tiendes goed verstaan. Want as ons die waarheid ken, sal die waarheid ons vry maak. Daarom gee ek die lering in detail, soos die Gees dit op my hart lê sodat julle vir eens en altyd hierdie beginsels sal verstaan.

So ons verstaan nou die konsep:

- daar is 'n vloek, hy moet gebreek word en
- die enigste manier om dit te breek is deur die offer,
- die tiende is die eerstelingoffer wat die moederskoot open sodat die res beskerm kan word.

## Tiende Voorbeeld 3: Behoeftiges

Sê nou maar daar is 'n moeder met kinders, 'n enkel mamma wat nie veel inkomste het nie. Sal dit nou soos Jesus wees as ek elke einde van die maand daar gaan staan met my boekie en die tiende opeis? Nee! **God wil seën, nie mense verarm nie.** Maar daar is 2 realiteite, daar is 'n seën, maar daar is ook 'n vloek. Nou wat moet ons maak om verby hierdie vloek te kom? Kom ons bespreek so 'n situasie.

- Die feit bly staan ons het gefouteer, maar God gee altyd vir ons 'n kans om reg te maak. Daar is versoening in alles met Christus Jesus, Hy het vir alles gesterf.
- Nou sê die mamma vir my sy kan regtig nie vir my die tiende gee nie, want sy het regtig 'n behoefte. En ek kan dit sien. Wat kan ek, as leier van 'n bediening nou maak? Die Bybel sê as een lid ly, dan ly die hele liggaam. So as hierdie vrou se huisgesin 'n behoefte het, dan ly die hele liggaam as gevolg van die huisgesin se behoefte. *1 Korinthiërs 12:26 En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.*
    - Die geestelike leier moet nou die vrymoedigheid hê om aan haar die bediening se hulp aan te bied. Daar is 'n vloek en dit is 'n realiteit, ons kan nie verby die vloek kom nie. Die leier ontvang haar tiende, seën haar en haar huis daarvoor en *gee dit dan terug aan haar*, sodat sy en haar huis geseënd kan wees, maar ook die bediening, want die Woord sê dat ons slegter as 'n ongelowige is, as ons nie vir ons eie huis kan sorg nie. Dit werk albei kante toe, die lid na die bediening, en die bediening na die

lede. *Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige. 1 Timótheüs 5:8*

**Tiende Voorbeeld 4: Sambok**

Ek het ook deur die jare geleer dat daar 2 redes is hoekom mense nie meer tiendes gee nie, of 'n mens het probleme of jy is nie meer gelukkig in die bediening nie. Want die eerste ding wat gebeur, jy hou die tiende terug, en dit is presies wat satan wil hê. Jy mag nie die offer as 'n sambok gebruik nie. Daar is baie mense wat die tiendes terug hou omdat hulle nie hou van wat gesê word, of omdat hulle nie van die leierskap hou nie.

Dit gaan nie daaroor nie, nog minder gaan dit oor jou gevoelens. God het jou tot 'n bediening in die liggaam van Christus gevoeg en jy het verantwoordelikheid teenoor daardie huis. En of jy nou seer gekry het en in die bed lê om vertroetel te word of jou been gebreek het, jy is nog steeds deel van daardie huis. Die ander huisgenote moet nou vir jou kos en goed aan dra. Maar jy moet nog steeds daardie huis eer. Of jy nou kwaad is vir jou ma of jou pa, jy bly nog steeds in naam deel van daardie bloedlyn. Jy bly nog steeds deel van die huisgesin. Want jy is nog steeds onder hulle beskerming, jy is nog steeds onder een dak. Jy moet nog steeds bydra by daardie huis.

Kom ons sê byvoorbeeld jy het nou 'n finansiële krisis. Nou trek jy terug, jy het seer gekry, wie moet jou versorg? Jy steun op die res van jou huisgenote. Ek kan nie die totale inkomste van die bediening vir jou gaan gee nie, want die bediening moet voortgaan. *Die minste wat ek as leier kan doen, is om jou eie tiende terug te saai in jou lewe of behoefte, maar daaroor moet eers 'n seën uitgespreek word. Jy kan dit nie self terughou nie!* 'n Tydperk kan dan bepaal word om die tiende terug te saai vir die behoeftige lid.

Daar is net twee dinge wat ek vir julle wil uitlig:

- Eerstens dit is in God se natuur is om te seën, en lewe en oorvloed te skep.
- Satan se natuur is om te vervloek, te vernietig en dood te maak.

So dit hang af wie ek glo. En dis hartseer dat kinders van die Here meer in die duiwel glo as in die Here. Maar wat ek vandag gee, is alles Woord.

- **Daar is dat niks wat 'n vloek kan los koop nie, behalwe bloed.** *Daarom as 'n offer nie seer maak nie, as dit nie jou hart uitmekaar skeur nie, is dit nie 'n offer nie, dan is dit 'n geskenk*. Dit moet regtig seer maak om te gee. Jy moet iets gee wat jy nie kan bekostig om te gee nie. DIE LEWE IS IN DIE BLOED. Met ander woorde, dit wat in jou hart is, moet jy eintlik jou lewe gee om gehoorsaam te wees.
  - Die ander ding is, ons moet altyd kyk na die huis, die wat naby ons is. Sodat hulle onder versorging kan kom. As jy dus nie jou kant bring in 'n bediening en bydra nie, teer jy op ander se bloedoffers - dan word jy 'n geestelike vampier. Ander moet hul offers met geskeurde harte gee, maar jy wil voordeel daaruit trek, sonder om by te dra. Dink jy miskien die Almagtige het 'n welbehae het in jou werke? Besef net, jy maak lelike deure oop vir die Verwoester.

**Tiende Voorbeeld 5: Hoe werk 'n besigheid**

Ons moet baie mooi onthou, God het alles in ons hande geplaas of dit nou 'n roomys karretjie is of 'n goud myn, dit maak nie saak nie. God het vir jou die gawes gegee om daardie betrokke besigheid te bestuur net soos Hy vir my 'n gawe gegee het om 'n bediening te lei; net soos Hy vir 'n plaasboer gawes gee om te kan boer; net soos God gawes uitdeel vir 'n rekenmeester, 'n dokter en 'n onderwyser. God gee die gawes om Hom te eer. Dit gaan alles oor die uitbreiding van die koninkryk van die Hemele. Alles gaan oor om God se wil te doen, oor die uitbreiding van die koninkryk van die Hemele. Nou hoe werk dit?

Die besigheid wat God in jou hande geplaas het was nog nooit jou besigheid nie, dit was nog altyd God se besigheid gewees. Elke ding wat in jou hande geplaas het, **IS** God s'n, Hy vertrou dit aan jou toe. En Hy gaan jou eendag meet teen die standaard van hoe jy Sy woord toegepas het in jou besigheid. Met min is jy vertrou, baie sal jy kry. Ek verwys altyd na Bill Gates, wat die rykste man op aarde is, selfs dit wat hy nou het, sê God is min.

'n Besigheid moet uit die besigheid se wins 'n tiende gee. Nie van sy opbrings nie, maar uit die netto wins, sodat die besigheid geseënd kan wees, maar die eienaar moet ook 'n tiende uit sy eie salaris gee, aan die bediening/huis waar God hul geplaas het. Soos alle gawes in die liggaam, is die gawe van besigheid bestuur ook onder die gesag van die liggaam, so ook alle lede.

-o0o-

Mense ons moet een ding verstaan, **God het ‘n blymoedige Gees**, Hy het ons ewig lief. Ek het dit ondervind dat mense hierdie gedagte sny tot op die broodlyn en slegs die minimum gee wat hulle moet gee. Dit is nie ‘n offer nie, dit is ‘n dwangarbeider - jy plaas jouself onder dwang, dit gaan vir jou niks beteken nie.

**Jou offer moet uit hart kom - dit moet met liefde en respek geskied.**
**Dit moet uit volle gehoorsaamheid en dankbaarheid gebeur.**

Kan jy nou verstaan hoekom jy dit nie as ‘n sambok mag gebruik nie, want dit is ‘n liefdes-dankbaarheid-offer wat ons aan die Vader gee. Jy bring dit na Sy huis toe, sodat daar spys in Sy huis kan wees, dat die bediening kan funksioneer en die nood die bediening kan vervul. As jy ‘n probleem het met jou leierskap, of ongelukkigheid oor iets, moenie die tiende as ‘n sambok gebruik nie. Sorteer die probleme uit en gaan aan met julle goed, bly jou plek vol staan, dit is wat ek kan aanbeveel.

## Verantwoordelikheid

Wat is die verantwoordelikheid van die bediening/huis waaraan jy behoort? Die offer moet gebring word na die huis van die Here, sodat daar spys in die huis van die Here kan wees, sodat ons mense kan help. Dit gaan oor die geestelike en fisiese versorging van die huis.

‘n Ander ding wat ek wil sê, is dit is ook baie belangrik dat daar kruisbestuiwing moet wees. Dis belangrik dat bedienings ook met mekaar betrokke sal wees en insaai. Met ander woorde, dit is ‘n konneksie lyn, dit is Petrus se net, waarmee hy die 153 visse gevang het (Johannes 21). ‘n Bediening is net een stukkie van daardie net (liggaam), maar die knoop is die konneksie wat ons maak. En ons maak ‘n konneksie met ander bedienings, ons saad wat ons saai in ander bedienings, bring die konneksies. ‘n Tiende van die bediening se inkomste moet gaan vir die verkondiging van die evangelie.

## Vrymoedigheid

Mense moet die vrymoedigheid hê om na hul leiers te gaan en vir hom sê dat hul ‘n krisis het, en om hulp vra. Dan kan ‘n mens daardie tiende dan terug saai na die behoeftige toe. Dit is hoekom mense regtig vertroue en wedersydse respek vir mekaar moet hê. Die eerste ding wat die duiwel wil hê is dat julle nie mekaar vertrou nie. As ‘n mens nie meer daardie vrymoedigheid het om na jou leier toe te gaan nie, dan kry die duiwel die reg om jou te vernietig. Dit bring skeiding in die liggaam. Die leier weer moet die vrymoedigheid hê om die lede te kontak, as die tiende nie gegee word nie. Dit gaan nie oor geld nie, dit gaan oor jou, oor jou beskerming, oor jou hulp. Want jy voel miskien nie om na die leier toe te kom en te sê dat jy ‘n probleem het nie. Leiers se deure moet oopstaan vir die lede. Die Here is daar om te help, nie om te vervloek nie, dit is satan se werk, maar God s’n is om te seën. Maar kom asseblief verby die vloek, moenie toelaat dat satan jou verder vernietig nie. Jy moet nou nie dink jy gaan verby die vloek kom as jy gister ‘n nuwe kar gekoop het buite God se wil nie. Jy moet verantwoordelik wees teenoor jou finansies.

Die bediening se verantwoordelikheid is om altyd vir jou ‘n huis te kan wees - om vir jou kos op die tafel te sit, vir jou geestelike voedsel te gee, sodat jy kan groei, die lewende water uit te deel. Dit beteken die bediening/huis bied beskerming, voeding, hulp, en genesing van sy kant af vir die huisgenote of lede.

## Dubbeldoel

Die saad wat in die bediening gesaai word bring dan vir jou ewige oeste. Die tiende het ‘n dubbele doel:

- Dit breek die vloek op jou handewerk en
- bring ‘n ewigheidsloon vir jou in, deur die bediening se funksionering, waaraan jy behoort.

Hierdie hele bediening word voor die Here neergelê en God beoordeel dan hierdie bediening. Of jy nou net al een dag deel was en gewerk het en of jy al van die begin af deel was van die bediening - almal gaan dieselfde loon kry. Gestel hierdie bediening het eendag verdien om R10 000.00 te kry. Dan gaan ons nie R10 000.00 tussen ons deel nie. Elkeen gaan R10 000.00 loon kry, omdat jy aktief was, omdat jy deel is van die bediening. En as die bediening betrokke was by ander bedienings, gaan elke lid ook in al daardie bedienings se seën en loon deel. Kan jy sien hoekom dit belangrik is om ander bedienings te seën en te saai in hul werk.

-o0o-

So die tiende het 2 dele, (i) dit breek die vloek en (ii) beskerm die ander 9/10 vir jou, maar dit word ook in 'n bediening geplaas waarin jy funksioneer. Uit daardie bediening funksioneer die gawes en uit daardie gawes verdien jy 'n ewige loon.

- **Deel die seëninge**

Gestel jy is 'n besigheidsman. Die besigheid behoort aan die bediening want dit behoort aan die Here. Jy het net 'n gawe gekry om die besigheid te bestuur. Dit is in jou hande geplaas. Alles is in jou hande geplaas, maar dit is onder die dak van die bediening geplaas.

Hoe die ding regtig werk: kom ons sê byvoorbeeld, jy het 'n besigheid en twee van jou werkers het probleme en hulle is kinders van die Here. Hoe moet hul gehelp word? Die besigheid moet hul nie help nie, maar die bediening. Die hulp wat jy aan hul wil verleen, moet namens die bediening gegee word en nie namens die besigheid nie. Nou deel almal in almal se seën in die bediening, want dit is die gawes wat jy ontvang het, so deel jy weer in ander se gawes wat in die bediening funksioneer. Dit beteken, dit was nog nooit jou besigheid of gawes nie, dit was nog ALTYD DIE HERE S'N.

Sê maar nou daar is 'n kleuterskool en jy voel in jou hart om daardie kleuterskool te ondersteun. Jy saai nog steeds jou tiende in die bediening in, maar jy kontak die bediening en sê hierdie naweek het ons sodanige funksie aan vir die kleuterskool. Jy doen dit namens die bediening. Dan ondersteun die bediening daardie instansie. Want as jy dit alleen doen, gaan al die loon na jou toe. Dit is egter 'n bediening aangeleentheid, dit is 'n huis saak, want jy bring dit na die huis toe sodat daar spys in die huis van die Here kan wees. Die Here sê nie jy moet dit vir jou self vat nie. Hy sê jy moet dit na die huis toe bring. Jy kontak die leier van die huis en gee verslag oor dit. GOD DEEL AL SY SEËNINGE MET ONS, MAAR WIL ONS, ONS SEËNINGE MET MEKAAR DEEL? JY DEEL IN ELK GEVAL NIE DIE SEËN NIE. JY VEROORSAAK NET DAT ANDER OOK SO GESEËND KAN WEES SOOS JY. DIT IS CHRISTUS SE HART.

**Die tiende HET NIE 'N OPBRENGS in hierdie LEWE nie, verstaan dit baie mooi.**

# DANKOFFER

Maar omdat God ons wil seën, het God die addisionele ding gegee. Ons het gesien waar Hy in Maleági praat van die tiende en die dankoffer. Wat is hierdie dankoffer? Kom ek sê nou vir jou, hierdie "prosperity" ouens wat sê dit is geld, is verkeerd. Nee ek stem nie saam nie. Dit kan bestaan uit enigiets wat God vir jou gegee het. Ja, jy kan ook hier vir 'n man 'n brood koop ensovoorts. Dit is ook iets waarvoor God jou kan gebruik, aangesien jy dit uit dankbaarheid gee. Kom ons sê byvoorbeeld jy gee vir iemand iets wat hy benodig waarvan jy 'n surplus het. Dit is nie die tiende nie, maar egter 'n dankoffer.

En hierdie dankoffer kan in enige vorm, fisiese of geestelike, vorm kom.

- Dit kan wees in 'n glimlag,
- dit kan kom in 'n gebed,
- dit kan kom in 'n Bybel vers,
- in klere wat jy nie meer gebruik nie
- dit kan kom in die vorm van 'n kombers,
- in 'n brood,
- selfs 'n glas water, sê Jesus, dan doen jy dit vir Hom.

Die "prosperity" ouens sê wat jy saai sal jy maai. Nee, ek stem nie saam nie. Dan gebruik hulle die Bybel vers om te sê as jy mielies wil hê, saai mielies. Dit is hoekom hul vir 'n mens wil voorskryf .... "*as jy finansiële probleme het, gee vir my geld*". Nee, nee, nee! Dit kom glad nie van die Here af nie! Die dankoffer is enigiets waarvoor God jou kan gebruik! Onthou as jy 'n dankbare hart het, in die oë van die Here, kan die Here jou op enige manier gebruik. Jy besef nie altyd waar die dankoffer vandaan kom nie, daarom is dit belangrik dat ons, ons sal toewy aan die Here, as welgevallige offer. Want dit is hoekom Hy sê ons moet 'n welgevallige offer voor Sy aangesig wees. *Romeine 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens*.

-o0o-

**Dankoffer Voorbeeld 1: Glimlag**

Die dankoffer kan kom in enige vorm, maar die dankoffer het ‘n opbrengs. Die Here weet wanneer jy waar kort kom.

Kom ek verduidelik. ‘n Klompie jare terug kom ‘n jong meisie na my toe in Walvisbaai, en sy vertel vir my hoe sy beplan het om selfmoord te gaan pleeg. Sy het haar hele ding fyn beplan, hoe sy daar eenkant in die bossies sou ingaan om dan haar eie lewe te neem. Sy vertel, oppad soheentoe, stap sy verby ‘n Supermark. ‘n Dame, loop juis daardie oomblik uit hierdie Supermark, en die vrou glimlag vir haar. Die oomblik toe die vrou vir haar glimlag, toe weet sy iemand het haar raak gesien. Sy sê *“oom Gert, toe daardie vrou vir my glimlag, toe weet ek dit is Jesus wat vir my glimlag. Toe besef ek die Here het my nie vergeet nie, die Here het my nooit gelos nie. En satan probeer my vernietig*”. Sy sê die oomblik toe daardie vrou vir haar glimlag en sy die waarde besef, toe draai sy daar om en stap terug huis toe met die besluit sy gaan nie voort met die selfmoord daad nie.

Jy sien dit is ‘n dankoffer. Omdat die vrou vol vreugde, lewe en liefde van die Here in haar was, kon Jesus haar glimlag gebruik het om Sy werk te doen. Sy stap uit, en ek glo nie eens tot vandag toe weet daardie vrou hiervan nie. Want baie kere, as jy vol is van die Here gebruik Hy jou onwetend en ons weet nie eens daarvan nie. Maar dit is ons dankoffer wat ons het, waarvoor Hy ons kan gebruik. Want haar hart is vol dankbaarheid en nie suur, met krom skouers nie. Omdat sy vol is van die Here, kon sy Jesus gee in die vorm van ‘n glimlag, kon Jesus die werk doen. Nou as die “prosperity hunters” reg is, sou elke vrou wat daardie jong dogter raak geloop het, geglimlag het, maar dit is nie so nie.

**Dankoffer Voorbeeld 2: Melkbeeste**

- Op ‘n stadium, het ek en my vrou 9 melkkoeie gehad en ons het oor die 100 liter melk elke dag vir armes, oorde vir gestremdes, ou mense en vir kerke geskenk.
- Op ‘n ander plaas, het ons amper 200 liter melk elke dag weggegee.

Maar weet jy wat, tot vandag toe moet ek nog steeds my eie melk, joghurt en room koop. Die Here het my nie die eienaar gemaak van NamDairies nie. As dit waar was, dat ek sal ontvang wat ek gee, dan sou ek vandag die eienaar van NamDairies gewees het, maar dit is nie die geval nie.

**(i) Hoe werk ‘n dankoffer**

‘**n Dankoffer het ‘n opbrengs, ‘n tiende het nie opbrengs nie, nie hier nie, eers in die ewigheid.**

Dit is hoekom die Here sê as ons bereid is om hier vir Hom alles op te offer, sal ons in hierdie lewe baie meer ontvang. Nou wat is die baie meer wat ons sal ontvang?

*Mattheüs 10:41 Wie ‘n profeet ontvang omdat hy ‘n profeet is, sal die loon van ‘n profeet ontvang; en wie ‘n regverdige ontvang omdat hy ‘n regverdige is, sal die loon van ‘n regverdige ontvang*.

Kom ons stel dit so, ons almal het ‘n oorvloed van sekere goed, maar dan is daar ook tekorte. Daarom het ons, ons broers en susters en die Here nodig. Byvoorbeeld iemand na my toe en sê hy is honger, en ek gee vir hom brood en koffie, is dit ‘n dankoffer; dit is nie ‘n tiende nie. Omdat God my huis oorvloedig geseën het, wil ek iemand anders seën. En dit is in almal se lewens - ongelowiges en gelowiges se lewens.

Dit het niks met vrugbare grond te doen nie, die tiende moet ons saai op vrugbare grond. Dit is baie belangrik dat dit kan ontkiem sodat dit vrug in die ewige lewe sal hê. Die dankoffer kan in enige vorm, enige tyd wees, jy kan tot ‘n satanis ‘n glimlag gee en die Here Jesus is in jou glimlag.

‘n Dankoffer moet altyd gesaai word. Ons moet altyd instrumente wees, om Christus vir die wêreld te wys. ‘n Dankoffer het niks met jou te doen nie. Jy moet net gee waar ‘n behoefte is, sodat mense kan sien, sodat daardie iets wat jy gee, hulle kan oortuig van Hom wat in jou is. Jy het ‘n oorvloed, waarvan iemand anders ‘n tekort aan het, jy vul slegs sy behoefte aan. Maar môre kry jou kind in ‘n rugby wedstryd seer en dit kos geweldig baie geld vir die besering se behandeling. Onthou dit is ‘n bloedlyn ding. *Hierdie almal wat jy seën, sal God seën*. Maar nou het jy ‘n tekort. God gaan weer iemand anders gebruik om jou ‘n dankoffer te gee, en jou kind kry onverwags gratis behandeling.

-o0o-

**Dankoffer Voorbeeld 3:  Motor Buitebande**

Dit het al met ons gebeur en dan wonder ons maar hoekom, jy stap in by 'n plek en dan kry jy 'n sekere bedrag afslag op 'n aankope. Ek onthou verlede jaar moes ek twee motorbande vervang. En toe ons daar kom, moes ons al vier motorbande vervang. Ek het net 'n sekere bedrag geld beskikbaar, en ek sê *"Here ek gaan nou dit in geloof laat doen*". En toe ek die faktuur kry, sien ek die man het my 50% afslag gegee. Van waar kom dit vandaan? Ek het 'n nood gehad. Maar God het die man se besigheid gebruik om ons tekort aan te vul. Iewers lank gelede moes ons aan iemand iets goeds gedoen het, wat al vergeet is. Nou gebruik God weer 'n ander persoon om vir my 'n dankoffer te gee.

*Prediker 2:24  Dit is nie 'n goed wat in die mens kleef dat hy eet en drink en sy siel die goeie laat geniet by sy moeitevolle arbeid nie. Ek het gesien dat dit ook kom uit die hand van God.*
*Prediker 2:25  Want wie kan eet en wie kan geniet sonder Hom?*
*Prediker 2:26  Want aan 'n mens wat welgevallig is voor sy aangesig, gee Hy wysheid en kennis en vreugde, maar aan die sondaar lê Hy die taak op om bymekaar te maak en te versamel, om dit dan te gee aan een wat welgevallig is voor die aangesig van God .*

Die dankoffer is daar om vir jou in jou nood te voorsien. As jy  byvoorbeeld vir my 'n stuk vleis gegee het, kan ek vir jou bid vir reën. Met ander woorde nou gee God vir jou reën. En daarom is dit belangrik dat ons ook vir mekaar moet intree. Maar as jy nie dankoffers gee nie, sal gebede nie help nie. Want satan staan gereed om dit te onderskep. Dit is waar Daniel 10 in kom, hy het altyd bose geeste om jou gebede te onderskep. En as jou gebede nie in die wil van God is nie, onsuiwer en nie toegemaak met die Bloed van Jesus nie, sal hy dit onderskep en God moet Sy kop draai weg van dit af. Dit is hoe dit werk. *Prediker 2:24 " Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet. Ek het ingesien dat dit n gawe uit die hand van God is."* Met ander woorde dit is nie alles net vir jou nie.

Die hele lering kan saamgevat word in die volgende:

- God is in 'n verbond om mense te gebruik
- Hy is 'n God wat begeer om die mens te seën, maar Hy het ons nodig om daardie seëninge los te maak oor mekaar.

Kom ons begin inspring en doen die Woord.
**Jakobus 1:22  En word <u>daders</u> van die woord en nie net <u>hoorders</u> wat julleself bedrieg nie.**
En begin mekaar seën.

Mag die Woord jou ryklik seën.

-o0o-